

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2016**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

---

## AFDELING A

VRAAG 1: PAS-ITEMS			VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE		
1.1	D ✓	(1)	2.1	B ✓	(1)
1.2	I ✓	(1)	2.2	D ✓	(1)
1.3	K ✓	(1)	2.3	A ✓	(1)
1.4	G ✓	(1)	2.4	B ✓	(1)
1.5	A ✓	(1)	2.5	D ✓	(1)
1.6	N ✓	(1)	2.6	C ✓	(1)
1.7	B ✓	(1)	2.7	A ✓	(1)
1.8	P ✓	(1)	2.8	D ✓	(1)
1.9	E ✓	(1)	2.9	B ✓	(1)
1.10	C ✓	(1)	2.10	C ✓	(1)
[10]			[10]		

## VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

3.1	Die <b>MOEDERBORD</b> is die groot stroombaanbord binne die rekenaar wat gleuwe en konnektors het vir al die komponente van 'n rekenaar. ✓	(1)
3.2	<b>MICR</b> is 'n tegnologie wat maak dat 'n masjien karakters soos rekeningnommers op 'n tjeek kan lees. ✓	(1)
3.3	<b>BID OR BUY</b> is die grootste Internetveilingwebwerf in Suid-Afrika. ✓	(1)
3.4	<b>PHARMING</b> herlei die gebruiker outomaties na 'n ander vals webtuiste sonder sy medewete. ✓	(1)
3.5	'n <b>BYSKRIF</b> is 'n genommerde etiket wat jy kan byvoeg by 'n tabel, prentjie of 'n item. ✓	(1)
		[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

## AFDELING B

## VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1	4.1.1	Paint ✓	(1)
	4.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Haar behoeftes is redelik eenvoudig en kan verrig word deur van Paint gebruik te maak, aangesien dit 'n gratis program is wat saam met die Windowsbedryfstelsel geïnstalleer is. ✓</li> <li>• Photoshop is relatief duurder en moet aangekoop en geïnstalleer word voordat dit gebruik kan word. Dit is dus nie geskik vir haar behoeftes nie. ✓</li> </ul>	(2)
4.2	4.2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Disk Cleanup: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Verwyder tydelike lêers wat vanaf die Internet afgelaai is.</li> <li>○ Verwyder tydelike lêers wat deur Windows geskep is.</li> <li>○ Maak die 'Recycle Bin' leeg.</li> </ul> </li> <li>• Dit kan ook geïnstalleerde programme wat jy nooit of selde gebruik, verwyder.</li> <li>• Saampers van lêers. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	4.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot kapasiteit</li> <li>• Draagbaarheid</li> <li>• Maklike gebruik</li> <li>• Hoë spoed</li> <li>• Betroubaarheid ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	4.2.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lêers kan per ongeluk oorgeskryf of verwyder word.</li> <li>• Apparatuur kan onklaar raak, soos wanneer 'n skyfaandrywer faal.</li> <li>• Toestelle kan gesteel word.</li> <li>• Rampe soos brande, aardbewings en vloede kan apparatuur vernietig.</li> <li>• Lêers kan korrup word as gevolg van fluktuasies in elektriese kragtoevoer.</li> <li>• Lêers kan verwyder of korrup gemaak word deur virusse, ens. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
4.3	4.3.1	Ctrl + Alt + Delete ✓	(1)
	4.3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Regsklik op die program. ✓</li> <li>• Klik op 'end program' of op die 'end task button'. ✓</li> </ul>	(2)
4.4	4.4.1	Inkspuitdrukker ✓	(2)
	4.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen papier in drukker.</li> <li>• Kables nie behoorlik gekonnekteer nie.</li> <li>• Datum- en tydinsettings.</li> <li>• Apparatuurinstellings.</li> <li>• Min ink of ink vlakke is te laag. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(1)
4.5		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskadigde luidspreker.</li> <li>• Swak konneksie. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)

4.6	4.6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Start, Control panel en skakel outomatiese opdaterings af. ✓</li> </ul>	(1)
	4.6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Opdaterings neem spasie op.</li> <li>Kan versoenbaarheidsprobleme veroorsaak.</li> <li>Gevaar om stelsel te restabiliseer.</li> <li>Kan steurend wees wanneer jy konsentreer.</li> <li>Dit gebruik baie data – kan jou limiet oorskry. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
4.7	4.7.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Webgebaseerde ✓</li> <li>Yahoo in die e-pos adres verwys na 'n webblaaier. ✓</li> </ul>	(2)
	4.7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jy kan die toepassings net gebruik as jy aan die Internet gekoppel is.</li> <li>Die toepassings het dalk nie al die eienskappe of funksies van die toepassings wat op rekenaars geïnstalleer word nie.</li> <li>Webgebaseerde toepassings kan stadig laai.</li> <li>Die gebruiker sal dit nie kan gebruik indien die bediener foutief is en nie wil werk nie. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
4.8	Hoe hoër die kwaliteit van die beeld, hoe groter is die lêer waarin die beeld gestoor word. ✓		(1)
4.9	4.9.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ergonomiese sleutelborde plaas die sleutels so dat 'n mens se hande in 'n meer natuurlike posisie gehou word.</li> <li>Dit verminder die moontlikheid van Karpale tunnelsindroom. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
	4.9.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verminder die warboel op die lessenaar of werkoppervlak.</li> <li>Draagbaarheid. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)

[25]

### VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTECHNOLOGIEË

5.1	5.1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Dit is 'n hoëspoed-, hoëbandwydte-konneksie.</li> <li>Sy wil graag na video's kyk en wil oor die algemeen net gekonnekteer wees. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
	5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>'Unshaped' beteken dat alle Internetdienste dieselfde voorkeur geniet. ✓</li> </ul>	(1)
	5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Flieks en musiek lêers is gewoonlik groot en databondel pakkette bied verskillende opsies vir die hoeveelheid data wat in 'n maand afgelaai en opgelaai kan word.</li> <li>Die beperkte hoeveelheid data wat afgelaai kan word, kan uitgeput raak. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
	5.1.4	Maksimum aflaaispoed en maksimum oplaaispoed. ✓	(1)
5.2	5.2.1	Intydse boodskapdienste is 'n kommunikasie-fasiliteit wat deur mense gebruik kan word <b>sonder enige uitstel</b> ✓ terwyl e-pos kommunikasie soms nie die ontvanger onmiddellik bereik nie. ✓	(2)
	5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>VoIP oproepe is goedkoper as normale telefoonoproepe.</li> <li>Die programmatuur is normaalweg gratis.</li> <li>VoIP laat jou toe om lêers oor te dra en videokonferensie-oproepe te maak. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)

5.3	5.3.1	'n Extranet verskil van 'n intranet deurdat dit toeganklik is vir eksterne vennote soos belangrike kliënte, verskaffers en besigheidsvennote om inligting uit te ruil, om besighede te integreer en om data en toepassings te deel. ✓	(1)
	5.3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde samewerking tussen ondernemings en kliënte.</li> <li>• Sekuriteit – jy het beheer oor wie toegang het tot jou tuiste. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
5.4	5.4.1	Spyware het haar tuisblad se instellings verander en haar herlei na verskillende ander bladsye. ✓	(1)
	5.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Veilige webtuiste se URL begin met https. ✓</li> <li>• 'n Klein slotjie sal langs die URL verskyn wat aandui dat die webtuiste veilig is. ✓</li> </ul>	(2)
5.5	Sy kan e-pos boodskappe sorteer of filter. ✓		(1)
5.6	Gebruik 'n lêergidsstelsel, soortgelyk aan die in Windows Explorer, om die boodskappe wat jy wil hou te bestuur. ✓		(1)

**[15]****VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR**

6.1	6.1.1	'n Soekenjin is 'n program wat na dokumente op die Internet soek, deur van sleutelwoorde of frases wat deur die gebruiker ingetik word, gebruik te maak. Hierdie treffer word gewoonlik in die volgorde waarop dit op die navraag betrekking het, vertoon en word treffer (hits) genoem. ✓	(1)
	6.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik spesifieke sleutelwoorde of sinonieme.</li> <li>• Sluit sekere woorde uit deur van Boolese waardes gebruik te maak.</li> <li>• Gebruik die soekenjin se waardes om jou soektog te verfyn.</li> <li>• Spesifiseer datum reekse en lêer tipes, ens..</li> <li>• Gebruik aanhalingstekens.</li> <li>• Gebruik meer as 1 woord, maar nie meer as 10 woorde in 'n frase nie. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
6.2	Inligtingsoorlading is wat gebeur wanneer mense nie die hoeveelheid inligting waaraan hulle daagliks blootgestel word, kan hanteer nie. ✓		(1)
6.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Let op gesaghebbendheid, objektiwiteit en affiliasie van skrywer/die organisasie waarmee die bron hom verbind/wat die publikasies verskaf.</li> <li>• Wat is die rede/motivering agter die webblad?</li> <li>• Is daar 'n verwysingslys beskikbaar?</li> <li>• Het die bron 'n datum wat aandui wanneer dit gepubliseer of opgedateer is?</li> <li>• Is die webblad permanent of is dit deel van 'n permanente organisasie?</li> <li>• Is die feite korrek?</li> <li>• Is daar enige kruisverwysing na ander betroubare bronne?</li> <li>• Dekking – gee dit wye dekking oor die onderwerp?</li> <li>• Bestudeer die algehele voorstelling van die webblad, bv. spelfoute. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>		(2)
6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is moontlik om 'n wyer teikengehoor te bereik/meer kliënte/globale markte.</li> <li>• Makliker om te kommunikeer met kliënte en om terugvoering te kry.</li> <li>• Bou goeie sakeverhoudinge tussen onderneming en sy kliënte deur sosiale media te gebruik.</li> <li>• Bemerkingskoste is relatief laer as drukmedia. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>		(2)

6.5	6.5.1	Sy kan nie 'n Word-dokument wat in 'n nuwer weergawe geskep is, soos bv. 2007 in 'n ouer weergawe soos Word 2003 oopmaak nie. ✓	(1)
	6.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Installeer 'n program wat 'n lêer in 'n ander formaat kan omskakel. Installeer 'n versoenbaarheidspakket.</li> <li>• Haar vriendin moet dit as 'n Word 2003 lêer stoor. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)

[10]

**VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES**

7.1	7.1.1	<b><u>VOORDEEL</u></b> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Jy kan 24/7, uit die gerief van jou huis, goedere aankoop of besprekings doen.</li> <li>✓ Jy kan pryse makliker vergelyk.</li> <li>✓ Pryse is soms goedkoper.</li> <li>✓ 'n Besigheid kan sy oorhoofse kostes verminder wat lone en winkelhuur aanbetref en kan wêreldwyd handel dryf.</li> <li>✓ Die besigheid hoef nie groot hoeveelhede voorraad aan te hou nie.</li> <li>✓ Enige iets van boeke tot DVD's tot motors kan aanlyn gekoop word.</li> <li>✓ Geen druk vanaf verkoops personeel word ervaar nie. ✓ (Enige 1)</li> </ul> <b><u>NADEEL</u></b> <ul style="list-style-type: none"> <li>✗ Dit is beter om eerder self te gaan kyk na die goed wat jy wil koop.</li> <li>✗ Goedere kan tydens aflewering gesteel word.</li> <li>✗ Aflewering koste en invoerbelasting is ter sprake as die artikel van oorsee af kom.</li> <li>✗ Aanlyn gevare - virusse en uitvissingsbedrog, ens.</li> <li>✗ Onpersoonlike verkope.</li> <li>✗ Dit is moeilik om goedere terug te stuur veral as die artikel van oorsee af kom. ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(2)
	7.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maak seker dat jy die organisasie se kontakbesonderhede het asook die URL</li> <li>• Maak seker dat die webtuiste veilig is.</li> <li>• Kyk vir waarborge oor veiligheid en terugstuurbeleid.</li> <li>• Wees bewus van die terme en voorwaardes.</li> <li>• Maak seker van betalings- en afleweringbesonderhede.</li> <li>• Hou volledig boek van wat jy bestel of reserveer.</li> <li>• Wees bewus van die feit dat jy dalk invoerbelasting sal moet betaal as jy items van buite Suid-Afrika af aankoop.</li> <li>• Gee slegs jou kredietkaartbesonderhede en moet nooit jou PIN of ander bankbesonderhede verskaf nie. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	7.2	7.2.1 Data kan op baie maniere gesteel word: dit kan fisies gesteel word deur dit na draagbare stoormedia te kopieer, dit kan tydens data-oordrag op 'n netwerk onderskep word, dit kan deur sosiale manipulasie verkry word. ✓ 7.2.2 Dit verwys na pogings om die gebruiker om die bos te lei om vertroulike inligting soos PIN nommers en wagwoorde bekend te maak, gewoonlik deur e-pos. ✓	(1)

7.3	7.3.1	Sosiale netwerkdienste ✓	(1)
	7.3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stigting van gebruikersgroepe.</li> <li>• Pos van multimedia foto's en video's.</li> <li>• Verskeie toevoegings kenmerke soos bv. speletjies.</li> <li>• Fasiliteite om ou vriende en kennisse op te spoor.</li> <li>• Status opdaterings, ens. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
7.4	Crippleware is 'n tipe vryware programmatuur wat gratis versprei word aan die gebruiker. Belangrike funksies van die program soos om te druk of die vermoë om lêers te stoor is nie beskikbaar totdat die gebruiker die programmatuur registreer nie. Verbruikers word toegelaat om die programmatuur te besigtig voordat hulle dit koop, maar hulle word nie toegelaat om al die beskikbare funksies te gebruik nie. ✓		(1)

[10]

**VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING**

8.1	8.1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanvaar enige antwoord wat verwys na die <b>Count</b>-funksie. ✓</li> <li>• Moet in die 'report footer' geplaas word. ✓</li> </ul>	(2)
	8.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die veld is nie groot genoeg om die nommer te vertoon nie. ✓</li> <li>• Trek die telefoon veld groter in die 'Details section' in die 'Design View' van die verslag. ✓</li> </ul>	(2)
	8.1.3	Input mask ✓	(1)
8.2	8.2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beter verslagdoening.</li> <li>• Vinnige manier om data te onttrek deur navrae.</li> <li>• Makliker/meer funksies vir datavalidering. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	8.2.2	Nee. ✓ Die data kan na 'n sigblad uitgevoer word. ✓	(2)
8.3	8.3.1	Absolute selverwysing ✓	(1)
	8.3.2	Om te verhoed dat 'n seladres verander sodra dit van een sel na aangrensende selle gekopieer word. ✓	(1)
8.4	Verkry toegang tot die drukkerstou deur te dubbel klik op die regte drukker en die relevante drukkerstake te verwyder. ✓		(1)
8.5	8.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Veranderingspoor funksie.</li> <li>• Kommentaar.</li> <li>• Gebruik die opsie om dokumente langs mekaar te vergelyk.</li> <li>• Gebruik verskeie weergawe opsies soos voorsien deur sommige woordverwerkingsprogramme.</li> <li>• Gebruik kleur om veranderinge en kommentaar aan te dui. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	8.5.2	Die leesbaarheid van die dokument met ander woorde hoe die persoon wat die dokument lees, dit ervaar, (is dit leesbaar en verstaanbaar) en of dit toeganklik is vir swaksiendes. ✓	(1)

[15]

**TOTAAL AFDELING B: 75**

## AFDELING C

9.1	9.1.1	Intel ✓	(1)
	9.1.2	500 GB ✓	(1)
	9.1.3	Windows 8 ✓	(1)
	9.1.4	'n Kaartleser laat verskillende draagbare stoortoestelle en geheue kaarte toe om aan jou rekenaar te koppel ✓ en kan gelees en na geskryf word. ✓	(2)
	9.1.5	Dit kan dubbel soveel data ontvang as voorheen ✓ en daarom kan dit dubbel so vinnig prosesseer. ✓	(2)
	9.1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsiening van die gebruikerskoppelvlak</li> <li>• Bestuur van programme</li> <li>• Bestuur van apparatuur</li> <li>• Voorsiening van basiese sekuriteit ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Warm uitruiling is die vervanging van 'n hardeskyf, CD-ROM skyf, kragbron of enige ander toestel met 'n soortgelyke toestel terwyl die rekenaarsisteem wat dit tans gebruik, in volle werking is.</li> <li>• Dit beteken dat die rekenaar nie afgeskakel hoef te word terwyl die eksterne toestelle bygevoeg/ingeprop word nie.</li> <li>• Warm uitruiling staan ook bekend as warm inprop. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
9.2	9.2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is vinniger.</li> <li>• Mobiele toegang tot die Internet, 24/7 vanaf enige plek in die wêreld.</li> <li>• Jy kan jou slimfoon of tablet gebruik om toegang tot die Internet te kry – jy het nie 'n rekenaar nodig nie.</li> <li>• Jy gebruik nie kables vir Internetkoppeling nie. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toegangskontrole.</li> <li>• Firewall</li> <li>• Sekuriteitsentrum – waarsku jou teen instellings wat jou stelsel onveilig kan maak. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
9.3	9.3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dropbox</li> <li>• SkyDrive</li> <li>• DropitTOme</li> <li>• Google drive ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sodra jy die gratis programmatuur op jou rekenaar geïnstalleer en geregistreer het, kan jy jou lêers oplaai op die webtuiste.</li> <li>• Jy kan daarna 'n skakel en wagwoord vir die oopmaak van die betrokke lêergids na die ontvanger stuur.</li> <li>• Hierdie skakel kan dan deur die ontvanger gebruik word om die lêer af te laai. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.3.3	Sinkronisering beteken dat as jy 'n bygewerkte weergawe van 'n lêer in 'n lêergids op die stelsel plaas, dit outomaties ander kopieë van die lêer op ander rekenaars en ander toestelle sal bywerk ✓ wat geskakel is aan die sisteem (bv. Dropbox). ✓	(2)
9.4	9.4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy is skuldig aan plagiaat wanneer jy iemand anders se werk as jou eie werk aanbied sonder hulle toestemming. ✓</li> <li>• Jy is ook skuldig aan plagiaat as jy nie die bron van die inligting vermeld nie. ✓</li> </ul>	(2)



	9.4.2	Die inhoud is nie noodwendig akkuraat nie aangesien dit dikwels slegs die opinies van individue verteenwoordig. ✓	(1)
	9.4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spaar papier (en daarom geld).</li> <li>• Ouers sal verkies om die boodskap af te laai en daarna te luister wanneer dit hulle pas, bv. oppad werk toe.</li> <li>• Dit is 'n voordeel vir ouers wat siggestremd is, ens. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om maatskappy-intranette te skep.</li> <li>• Om gemeenskapswebtuistes te skep.</li> <li>• Om kontrolelyste en doen-lysies saam te stel in die geval van groter projekte waaraan 'n hele aantal mense werk.</li> <li>• Om opvoedkundige bronne soos gespesialiseerde vakwoordelyste, studienotas, aantekeninge en FAQ-gidse saam te stel, ens. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.4.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Indien jy 'n rekening geskep het met 'n blog-voorsiener wat Word ondersteun, kan jy jou blog as 'n Word-dokument na die blog-tuiste stuur. ✓</li> <li>• Die eerste keer wanneer jy iets op jou blog wil pos, sal jy die blog-rekening moet registreer om 'n koppeling tussen Word en die blog-voorsiener te maak. ✓</li> </ul>	(2)
	9.4.6	Mense wat 'n inkomste as 'bloggers' verdien, kry dit deur advertensies of borge. ✓	(1)
9.5	9.5.1	Skype ✓	(1)
	9.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ICall</li> <li>• Internet Solutions</li> <li>• MWEB Broadband Talk</li> <li>• Verizon</li> <li>• Telkom</li> <li>• Voipus global connections</li> <li>• VX Telecom ✓ (Enige 1)</li> </ul>	(1)
	9.5.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Webkamera</li> <li>• Mikrofoon</li> <li>• Luidsprekers ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
9.6	9.6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsien goedkoper, meer bekostigbare Internet toegang.</li> <li>• Gebruik skole met IKT fasiliteite as gemeenskapsentrums na ure.</li> <li>• Bemerk en brei IKT tipe vakke op skool uit en verskaf rekenaaropleiding aan mense.</li> <li>• Gemeenskappe kan ondersteun word, deur rekenaars aan hulle te voorsien.</li> <li>• Herwin geskikte apparatuur deur dit aan gemeenskappe te skenk.</li> <li>• Maak gebruik van oopbronprogrammatuur/vryware/deelware. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)
	9.6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Digitale kommunikasie hang af van bekostigbare Internet toegang.</li> <li>• Duur toerusting (slimfone teenoor normale telefone) is 'n voorvereiste.</li> <li>• Verbeterde vaardighede word benodig. ✓✓ (Enige 2)</li> </ul>	(2)

9.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkoop gebruikte papier.</li> <li>• Gebruik energiebesparende skerms.</li> <li>• Moenie onnodig druk nie.</li> <li>• Verleng die lewensduur van rekenaars deur behoorlike instandhouding.</li> <li>• Papiervrye kantore.</li> <li>• Moenie drukkers weggooi nie, stuur dit eerder vir die vervaardiger terug.</li> <li>• Hervul drukkers se ink- en drukstofhouers.</li> <li>• Proeflees dokumente op die skerm voordat jy dit druk.</li> <li>• Skakel rekenaars wat nie gebruik word nie, af.</li> </ul>		✓✓ (Enige 2)	(2)
9.8	9.8.1	Boekmerke ✓		(1)
	9.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voeg paragraaf opskrifte by. ✓</li> <li>• Alle opskrifte in die dokument moet met behulp van style geformateer wees. ✓</li> </ul>		(2)
	9.8.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verdeling van vensters in Excel stel jou in staat om verskeie dele in dieselfde werkblad te besigtig. Dit is handig wanneer 'n sigblad baie inligting bevat. ✓</li> <li>• Wanneer jy vensters of rye vries, bly sekere inligting sigbaar as jy op-en-af of heen-en-weer in die werkblad beweeg. Rye en kolomme se opskrifte bly sigbaar terwyl jy heen-en-weer beweeg. ✓</li> </ul>		(2)
9.9	9.9.1	Spraak-na-teks program ✓		(1)
	9.9.2	Byvoeging van onderskrifte/sub-titels ✓		(1)
	9.9.3	Google Voice Search laat mense toe om te soek deur gebruik te maak van Google ✓ deur te praat met 'n slimfoon of 'n rekenaar. ✓		(2)

**TOTAAL AFDELING C: 50**  
**GROOTTOTAAL: 150**